VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

31 Julie	**Nelly van der Spoel,** Wyk 18
2 Aug	**Brechtje Jooste,** Wyk 19
4 Aug	**Santa Meyer,** Wyk 3
5 Aug	**Doane Vorster**Wyk 18

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank:

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

DRINGEND **DIAKONIE SE KOSKAS**

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.
Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 24 Sondag **31 Julie 2022**
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by erediens en Huis Eiekelaan om 15:30: Ouderling wyk 7 **Loffie Eloff** en wyk 8 **Charles Reinecke.**
Diakens: Wyk 7 **Jan Adriaan Eloff** en Wyk 8 **Jan de Vos**
Teebeurt: Susters van wyke11 en 12.
Wyksusters **Ineke Bakker** en **Wymie du Plessis**.

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Die sakrament van die doop word vanoggend aan **Estiaan** (gebore 23 Junie 2022), seuntjie van **Schalk en Mart-Marie Engelbrecht** bedien. Ons verwelkom graag familie en vriende van Schalk en Mart-Marie in ons midde!

Woordbediening: Eksodus 2:1-22 (AFR'20).
Fokusverse: Eksodus 2:1-10.
TEMA: ***Verbondskinders is 'n gawe en teruggawe van die HERE, maar ook 'n opgawe aan Hom.***
Sing vooraf: Skrifberyming 15:1, 2, 3 (Tema 16 - 1).
Sing tydens die erediens: Psalm 105:1, 2, 3; Psalm 9:7; Skrifberyming 40:1, 2, 11(Tema11-1); Psalm 105:5; Psalm 115:7, 8, 9.

AAND Woordbediening: Galasiërs 3 (AFR'20).
Fokusverse: Galasiërs 3:26-28, veral vers 27.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34c.
TEMA: ***Christus deur die doop die versekering dat ek deur sy bloed en Gees gewas is***.
Sing vooraf: Skrifberyming 9: 1, 4, 5 (Tema18 - 1). →

Sing tydens die erediens: Psalm 103: 1, 2; Psalm 103: 8, 9; Skrifberyming 24: 3, 7 (Tema1-1).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Teologiese Studentekas*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

Prof Francois Muller neem die diens by Huis Eikelaan waar om 15:30

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

May Vorster moet Donderdag in Klerksdorp haar laaste chemoterapie ontvang. Ons verseker haar en André van ons voorbidding vir hulle. Mag u elke dag die liefdevolle goedheid van ons hemelse Vader beleef.

Ons is saam met Nico Malan baie dankbaar vir die beterskap wat hy daagliks ontvang en dat hy en **Leoné** kan getuig van die goedheid van die Here. Hy sterk nog tuis aan en ons verseker hulle van ons voorbidding.

Mandie de Klerk het die afgelope week 'n opvolgafspraak by haar internis nagekom. Ons is dankbaar dat die Here deur die gawes in die mediese wetenskap lewenskwaliteit vir sy kinders gee.

Saam met **Henna en Lappies Labuschagne** is ons dankbaar dat daar ná die prosedure wat Henna onlangs ondergaan het geen kwaadaardigheid opgemerk is nie. Ons dank die Here saam met hulle dat Hy ook hierin vir hulle alles ten goede laat meewerk het.

Ons dank die Here saam met en **Maarten en Petro van der Walt** vir die vordering na die oogoperasies wat Petro ondergaan het. Sy gaan D V Dinsdag vir die laaste opvolgbesoek.

Alhoewel **Annemarie Steyn** nog nie heeltemal gesond is nie, kan sy darem saam met haar kinders en kleinkinders uit Amerika kuier en ons dank ons hemelse Vader vir die geleentheid. Ons bede is ook dat sy steeds elke dag beter sal word.

Ons betuig ons innige meegevoel met **Wynand Putter** wie se suster die afgelope Donderdag oorlede is. Mag ons hemelse Vader Wynand en Gene en al hulle dierbares ryklik vertroos deur die evangelie van ons opgestane Here. Dit is die tweede suster van Wynand wat in 'n betreklike kort tyd oorlede is.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

			Sondag 7 Augustus	Sondag 14 Augustus
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr 1-2)**			Geen katkisasie as gevolg van lang naweek	Les 18 Psalm 9: 7 (geheel) Sondag 45B Eksodus 20: 7
Katkisasie toesig: **Ouderlinge**		Geen katkisasie		Oudl Wyk 11: Graad 5-6 Oudl Wyk 12: Graad 7
Di	2/08	15:00	Hoërskoolkatkisasie	HK, Les 17
Wo	3/08	18:00	Hoërskoolkatkisasie	NGB Les 1 & 2

Dagboek

Ma	1/08		Sieke- en pastorale besoek	Volgens afsprake
Di	2/08	15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
		18:00	Evangeliseringspraktyk	kerksaal
		15:00	Katkisasie	Jeuglokaal
		19:15	Huisbesoek	Volgens afspraak
Wo	3/08	Oggend	Huisbesoek	Volgens afsprake
		18:00	Katkisasie	Jeuglokaal
Do	4/08	Oggend	Huisbesoek (Tehuise)	Volgens afsprake
		Aand	Huisbesoek	Volgens afsprake

Belangrike datums om te onthou

Sondag 14 Augustus: Kerkraadsvergadering (Ou Kerkie) en Diakonie vergadering (Konsistorie) ná die aanddiens.

Sondag 21 Augustus: Kerkraad- en dakonievergadering na die aanddiens.

Sondag 28 Augustus: Nagmaal en gemeente-ete.

Ds. Jannes uitstedig

Ds. Jannes-hulle sal DV volgende naweek (vanaf Vrydag 5 Augustus tot Dinsdag 9 Augustus) uitstedig wees. Hulle sal vir twee dae by Yolandé se ouers kuier en dan ook weer by ds. Jannes se ouers. Ds. Jannes sal Woensdag 10 Augustus weer terug wees in die tuig.

Lidmate wat nog nie getekende POPI-vorms aan hulle ouderling/kantoor deurgegee het nie, word vriendelik versoek om die nodige vorm(s) by die deure te neem en so gou as moontlik te voltooi en terug te besorg.

Lidmate word opgeroep om by te dra vir die **karwagte** in die houtbussies by die deure. Die reëling vir die karwagte is aangegaan met die veronderstelling dat die uitgawe gedelg sou word uit die lidmate se bydraes daarvoor.

NUWE NOMMER VIR DIE KERKKANTOOR 087 802 5145
Die **018 294 4600** nommer is nog van krag en sal in werking wees sodra die oorskakeling vanaf Telkom na Vox afgehandel is.

Die volgende kursus word DV aangebied in die
3de kwartaal van 2022:

Evangeliseringspraktyk

Aangebied deur Prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool Potchefstroom en finalejaar Teologiestudente

Plek: Kerksaal GK Potchefstroom. Tyd: 18:00 – 19:00

Dinsdag	2 Augustus	–	Inligtingsvrae
Dinsdag	16 Augustus	–	Leidende vrae
Dinsdag	23 Augustus	–	Struikelblokke
Dinsdag	30 Augustus	–	Dissipelmaking
Dinsdag	06 September	–	Skepper – Gesprekke met ateïste
Dinsdag	13 September	–	Verlosser – Gesprekke met kultes
Dinsdag	20 September	–	Middelaar – Gesprekke met kultes
Dinsdag	27 September	–	Sondaar – Gesprekke met Charismate

Alle lidmate is welkom. Laat weet asseblief vir Faans Steyn 084 402 9394 of Gerhard Willemse 073 227 4013 voor of op Maandag 1 Augustus of u die kursus wil bywoon.

WYKSUSTERS
Die opgedateerde wykslyste is beskikbaar in die saal.
Elke Wyksuster word vriendelik versoek om haar lys te neem.
Let wel elke lys is gemerk met naam en wyksnommer.

GEREFORMEERDE KERK POTCHEFSTROOM

RAPPORT FINANSIëLE KOMMISSIE

Die finansiële kommissie het op 20 April 2022 vergader.

Finansiële verslagdoening

Opmerkings
Kapitale uitgawe – oprig van heining uit geldmark befonds **R 289 274**
Herstelwerk aan saal uit die belegging befonds **R 75 000**

Geouditeerde finansiële state.
Belasting is betaalbaar op kapitale wins met verkoop van pastorie.
Agterstallige bydraes einde finansiële jaar **R 93 045**
Volgens kerkraadsbesluit word tekorte aan die einde van die finansiële jaar befonds uit rente opbrengs op belegging. In hierdie geval is dit **R 116 672**.

Opmerkings
Agterstallige kerklike bydraes tot 30 April 2022 beloop **R 34 950-00**.
As die tendens voortduur gaan dit ons kontantvloei negatief raak.
Ons moenie vergeet om te bid dat die Here in lidmate se harte die regte gesindheid rakende die gee van hulle kerklike bydraes werk nie. Nie net moet lidmate hulle bydraes gereeld gee nie, maar ook die eerste en beste deel van hulle inkomste.
Eenmalige groot uitgawes instandhouding – R 37 685 vir saal en kerkgebou, R 18 000 Louwstr 70 maak deel uit van die tekort van R 120 159.

Tans is daar 305 belydende lidmate waarvan 168 bo 60 is. Dit is 'n persentasie van 55%. Dit gaan 'n invloed hê op ons inkomste in die toekoms.
Tans is 65 lidmate agterstallig of dra niks by nie. Ramings per lidmaat per maand beloop R85, dus R 1020 per jaar.
Ons betaal R 66 300 per jaar (1020 x 65) aan ramings vir belydende lidmate wat agterstallig is of niks bydra nie.

Frikkie Venter Voorsitter.